**Beter soort gesprekke verfris lug**

https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/beter-soort-gesprekke-verfris-lug-20181130

Ons sien in Suid-Afrika die resultate van kaping en daar is ŉ bitter noue verband tussen kruip en kaap. Die verskynsel is natuurlik nie uniek aan ons land nie, jy kry dit orals in die wêreld. Hoe kan daar teen kaping gewaak word? Een manier is om kruiperigheid uit te roei deur beter kwaliteit gesprekke te koester. Ons moet in ons mooi land aan die een kant sagter met mekaar werk en aan die ander kant en terselfdertyd ook harder. Natuurlik neem dit onderskeidingsvermoë om te weet wanneer watter modus nodig is en daardie vermoë ontbreek ongelukkig dikwels. Is daar voorbeelde van praktyke wat kan verhoed dat kruip nie deel van die kultuur van ŉ plek word nie? Want waar kruiperigheid kultuur word wag kaping om die hoek. My raaiskoot is dat die manier waarop ons met mekaar praat deel van die antwoord is en die Hollanders kan dien as ŉ voorbeeld in hierdie verband.

Dit het ŉ hele paar herbesoeke aan Nederland geneem om daardie kultuur beter te leer ken en dus meer te waardeer. Meer bekend is meer bemind. Die eerste kere wat ek daar aan konferensies deelgeneem en die vraetyd aangebreek het, het ek met my Suid-Afrikaanse agtergrond en Afrikaanse opvoeding telkens gedink dat spreker en vraagsteller in der ewigheid nooit weer met mekaar sal praat nie. Kyk, hulle draai nie doekies om nie. O nee, daar is geen van die Britse maniertjies soos wat baie Afrikaanse mense (soos ek) dit oorgeneem en toegeëien het nie. Toe ek so ŉ onderonsie die eerste keer aanskou het, het ek aanvaar dat uit die gebeure ŉ wrok sal voortvloei wat gekoester en vertroetel sal word om te groei tot ŉ Enakskind. Groot was my verbasing inisieel dat spreker en vraagsteller na afloop van so ŉ sessie by die borrel (skemerkelkie) land en sand staan en gesels sonder ŉ sweem van ŉ slegte gevoel oor die skermutseling van sopas. Waarom nie? Omrede dit ŉ (harde) gesprek was wat oor die saak gegaan het.

Ja, dalk romantiseer ek hulle manier van dinge doen en het ek tog waardering vir die sagter wyse waarop ons in ons land soms besigheid doen. Tog, en terselfdertyd, het ek waardering vir hoe minister Pravin Gordham op die oomblik die Malema bulletjie by die horings pak, amper soos ŉ Hollander tydens vraetyd by ŉ konferensie. Dít teenoor Malema se weerwoord.

Ons het nou ŉ middeweg nodig in hoe ons met mekaar praat. ŉ Weg tussen oorvriendelik en ongeskik, want goeie maniere en kruip word te dikwels verwar. Die Hollanders en minister Gordham het dalk ŉ punt beet met hoe hulle sake doen. Dit gaan woes tydens baie gesprekke in die land en sommige mense se belewenis is juis die teenoorgestelde, naamlik dat ons dalk effens versigtiger met mekaar moet praat en mekaar sagter moet hanteer. Dit is dikwels wel waar en nodig en gesprekke

waarin mense se karakter byvoorbeeld aangeval word, is onaanvaarbaar. Tog is daar ook die ander kant van die saak, naamlik dat as jy nie reguit praat nie, jou kruipery jou in die ‘kaap’ gaan laat beland.

Hoekom kruip mense? Dis eenvoudig: jy kruip as jy alreeds gekoop of gekaap is of as jy graag gekoop of gekaap wil word. Kyk maar hoe sommige mense voor ’n werksonderhoud optree en hoe hulle optree nadat hulle die pos gekry het. Of iemand se optrede voor en na bevordering. Of mense se opinies oor sake solank as wat hulle pensioenfonds nog oploop en aftrede nog ver in die toekoms wag. Hoe nader daardie aftrede kom, hoe meer buig daardie rug regop soos evolusie wat ge-fastforward is. Solank as jy ’n betaalde amptenaar is, is jou opinie eintlik (ten dele) gekaap. Of noem ’n mens dit lojaliteit of een of ander soort solidariteit?

Daar is geen plek wat sonder kruipers is nie. Jy kry hulle byvoorbeeld in skole en universiteite. Die glimlag, die kompliment op die mooi kleur van jou hemp en die versoek dat die punt ’n onderskeiding word. Of mamma en pappa se optrede die tyd van die jaar wanneer die nuwe hoofmeisie en hoofseun aangewys moet word. Die nadraai van gekaapte kruipers in die regering en firmas speel tans soos ’n spannende film voor ons oë af. En die reaksies op sommige getuienisse soos ’n aksie film. Daar is net een instelling waar kruiperigheid nie voorkom nie en dit is natuurlik die kerk. Regtig? Vertrou ’n Nederlander om sonder ’n omhaal van woorde die valsheid van die stelling uit te wys.

’n Paar dekades gelede skryf die Nederlandse digter Gerard Reve ’n vers waarin hy fel kritiek lewer op kruiperigheid in die kerk. Hier is die vers, maar let wel, vry vertaal en verplaas vanaf ’n Katolieke Nederland na ’n Protestante Suid-Afrika. Reve skryf:

Wanneer die moderator ’n buikwind passeer, sê hulle:

‘Genugtig maar dit ruik lekker hierso,

bykans asof iemand biefstuk en uie bak,’

oor daardie soort kerkmense is ek nie gaande nie.

Ag nee man, sies, dit is mos nou nie in ’n goeie smaak nie, protesteer ons. Tog dink ek die Hollander help ons deur die muishond aan die stert te gryp en by die gat uit te sleep, want daar is mense wie se optrede en interaksie in ons land vir seker ook nie in goeie smaak is nie. Hierdie gedig sal ons op verskeie maniere kan aanpas vir Suid-Afrika. Die moderator kan die (EFF) president, die resensent, die dosent of die Saxonwold resident word. Maar natuurlik kan ons Reve se eerste versreëls ook net mooi omdraai om soos volg te lui: “Wanneer die kerkmense buikwinde passeer, sê die moderator:/ ‘Genugtig maar dit ruik lekker hierso’.” Ja-nee, almal kan gekaap word, want deur te kruip beland jy

sommer vinnig in die ‘kaap’. Een remedie wat kan help om daarteen te waak, is om prontuit oor ’n saak te praat, padlangs en met dikker velle, ingelig en vreesloos. Sulke gesprekke werk soos ’n lugverfrisser in teen ’n kruiperige napratery én teen ’n populistiese lawaai.

Cas Wepener